

KRUISPAAIE IN ONS GESKIEDENISONDERRIG*

Laat my vooraf toe om 'n kort woord van dank teenoor die bestuur van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika uit te spreek vir die eer wat my aangedoen is om vanmôre die belangstellendes hier toe te spreek. As iemand wat teenwoordig was by die stigting van die Genootskap in Pretoria en as onderwysman wat bewus is van die groot werk wat die Genootskap reeds in ons skole tot stand gebring en gedoen het, het ek enkel waardering vir die moeilike taak.

Soos ek u sekretaris meegedeel het, bring ek vanmôre vir u enkele gedagtes oor 'n paar aspekte van die onderwys van die geskiedenis op die middelbare skool.

Nou het ek dit goed gedink om my gedagtes uit te spreek na aanleiding van 'n paar krisismomente, soos ek dit sien, of sal ons dit kruispaaie noem, waarby ons geskiedenisonderwys uitgekom het. In die eerste plek ondersoek ek kortliks die vraag van die plek van geskiedenis op skool, in ons wetenskaplike eeu (die atoomeeu) en in die tweede plek let ek op die invloed van die eksamenstelsel op die onderwys van die vak.

1. *Geskiedenis in ons wetenskaplike eeu*

Die soek na kennis en die waarheid voer die gelowige mens terug na die bron van die hoogste kennis en waarheid, die ewige Logos of Woord wat Hom openbaar langs drie weë, nl. in die Skrif, in die skepping en in die geskiedenis van die mensheid. Die gelowige twyfel nooit daaraan dat God Hom in Sy Woord openbaar nie en hy keur dit goed dat die mens die natuur of skepping ondersoek en daaroor heers, maar dieselfde gelowige laat tog toe dat die geskiedenis waaruit hy die gedagtes van sy Skepper met die mensdom kan lees, uit die skool verdring word. Dit is asof historiese kennis vandag as minderwaardig teenoor natuurwetenskaplike kennis staan en die vraag kom by 'n mens op of die menslike prestasies van die verlede, waarvan die geskiedenis vir ons die kennis bring, dan minder belangrik is vir 'n opgevoede mens as die moderne prestasies van die mens op wetenskaplike gebied. As 'n mens luister na die oproepe van die natuurwetenskaplikes en selfs na hul kritiek op die onderwerp van natuurwetenskap in die skole; of daarop let hoedat ouers hul seuns en dogters inprent dat hulle aan die wetenskaplike vakke op skool voorkeur moet gee bokant 'n geesteswetenskap soos geskiedenis, dan kom jy tot die gevolgtrekking dat die *sine qua non* vir 'n suksesvolle beroepskeuse, vandag 'n suiwer wetenskaplike vakkeuse moet wees. Hoe hoër die intelligensie kwosient van die leerling, hoe vaster staan die wetenskaplike vakkeuse en hoe nutteloos word die geskiedenis as skoolvak geag. Selfs die minder intelligente leerling glo dat die enigste heil vir hom in die studie van die

* Lesing gehou voor die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, September 1963 te Klerksdorp.

wetenskap lê. So 'n benadering van die vakkeuse op die middelbare skool lyk baie op 'n natuurwetenskaplike snobisme. Want selfs diegene wat onder gewone omstandighede nie die mas kon opkom nie, moet vandag in 'n wetenskaplike rigting gedwing word.

Nou is daar nie die minste beswaar dat diegene wat die aanleg het, 'n natuurwetenskaplike kursus kies nie, maar daar is beslis beswaar dat leerlinge op die middelbare skool reeds 'n sogenaamde wetenskaplike kursus kies, waarin daar naas die wiskunde nog twee wetenskappe gekies word, ten koste van die geskiedenis. Wiskunde en een wetenskaplike vak kwalifiseer tog enige kandidaat vir toelating tot die universiteit en enige natuurwetenskaplike studierigting. Moet daar nou al op die middelbare skool gespesialiseer word? Glo ons nie meer in die omvattende doelstelling van die moderne opvoedkunde nie, nl. die opvoeding van die hele mens? Ons kan met reg vra wat daar van die politiese doelstelling, of opvoeding tot staatsburgerskap moet tereg kom sonder die geskiedenis in die leerplan? Bestaan die gevaar nie dat ons jong wetenskaplikes kan oplei wat heeltemal eensydig opgevoed word nie? Wetenskaplikes wat die heilsame en vormende invloed van 'n geesteswetenskap moet mis. Is dit nie reeds 'n gevaarlike verskuiwing van lewenswaardes wat op die wyse in die onderwys tot openbaring kom nie? Ek wil tog aan u 'n geval noem wat aan my goed bekend is, van 'n jong man wat nie in die natuurwetenskappe nie maar in die regte gepromoveer het. Na 'n suksesvolle studie-loopbaan in die buiteland, keer hy in sy vaderland terug waar hy spoedig uitvind dat hy nie in staat is om saam te spreek oor baie van die landsprobleme soos die rassevraagstuk, die partypolitiek, die konstitusionele posisie, om nie eers te praat van die internasionale verhoudinge nie. Hy het self tot die kern van die saak deurgedring toe hy sy gebrek aan kennis van die landsprobleme herlei het tot 'n gebrek aan kennis van die geskiedenis. Hy het nl. geen geskiedenis in St. 9 en 10 gehad nie. Dit het verder meegebring dat hy van die moderne Europese geskiedenis na 1815 geen kennis gedra het nie. Soos hierdie jong man bevind duisende jong mense hulle feitlik in 'n vreemde land nadat hulle die middelbare skool verlaat.

Dit is hoog tyd dat halt geroep moet word aan die beweging om die natuurwetenskappe ook op die middelbare skool te verabsoluteer. Laat daar net soveel natuurwetenskaplikes as maar moontlik is opgelei word; ons land het hul dienste nodig, maar ons moet besef dat aan die middelbare skool 'n breë wetenskaplike kulturele ontwikkeling vir die leerling beoog word en dat dit juis in ons wetenskaplike eeu essensieel geword het, sodat die hele mens opgevoed kan word. Geskiedenis is wel nie 'n brood-en-botter vak nie, maar dit het 'n groot taak in die opvoeding. Ons moet voorkom dat ons opvoedingstelsel eensydige natuurwetenskaplikes oplei. In die leerplan van die middelbare skool kan geskiedenis nie langer as 'n keusevak geduld word nie. Met sy wortels 6,000 jaar ver en diep in die menslike bestaan van die Westerse beskawing, bied die geskiedenis ook aan die wetenskaplikes kennis wat met geen geld gekoop kan word nie.

'n Tweede aspek waarop ek kortliks die aandag wens te vestig, is die uitwerking van die *eksamenstelsel op die leerling*, die leergang of inhoud, sowel as die metodiek en die doelstelling van die geskiedenisonderwys.

Omdat geskiedenis so 'n swak eksamenvak is, het daar al baie stemme opgegaan om die eksterne eksamen vir St. X heeltemal af te skaf. Voorstanders van hierdie idee hoop dat as die eksamen afgeskaf word, dit die leerlinge sal aanspoor om geskiedenis as skoolvak te kies en dat dit ook alle ander gebreke wat aan die onderwys van die vak kleef, uit die weg sal ruim. Die gevaar bestaan egter dat indien die geskiedenis alleen 'n nie-eksamenvak word soos Bybelstudie, dit 'n minderwaardige status sal hê. Dit is dus noodsaaklik dat die eksamenstelsel van so 'n aard sal wees dat dit die studie van die vak aanmoedig i.p.v. ontmoedig.

Hoe beïnvloed die eksamenstelsel nou die leergang? Na 'n vergelykende studie van die leergange van verskillende provinsies en oor 'n lang tydperk, moet ek tot die gevolgtrekking kom dat die leergang van die Transvaalse skole in sy geheel gesien 'n pragtige inhoud het. Dit stel die kind in die Republiek van Suid-Afrika in staat om nie alleen sy vaderlandse geskiedenis in sy geheel te bestudeer nie, maar om ook die verhaal van die Westerse volke waartoe hy behoort, langs die lang pad van beskawing te volg tot by sy oorsprong. So gesien is die algemene geskiedenis niks minder nie, as die erfenis waarop ook die kind in Suid-Afrika aanspraak moet maak. Die algemene geskiedenis word vir hom eie geskiedenis.

'n Tweede prysenswaardige kenmerk van hierdie leergang is dat dit die geskiedenis tot 1939 insluit en in sekere opsigte nog verder gaan. Dit bring m.a.w. die leerling in aanraking met die gebeurtenisse van sy eie tyd. Dit geskied deur middel van studietemas uit die algemene sowel as uit die vaderlandse geskiedenis. Indien ons hierdie leergang sou toets aan die vernaamste vereiste vir die vasstelling van enige leergang n.l. die doelstelling met die onderwys van die vak, sal ons vind dat dit ook aan hierdie vereiste goed beantwoord. Dit bied ruim geleentheid aan die onderwyser om nie alleen die Europa, Amerika en selfs Asië van die Tweede Wêreldoorlog aan die leerlinge te toon nie, maar veral ook sy eie vaderland met al sy politieke, staatkundige en rasseprobleme, m.a.w. die geskiedenisleergang bring nie alleen die beskawingslig uit die gryse verlede nie, maar werp 'n ewe helder lig op die huidige landsprobleme. Hier vind die geskiedenisonderwyser een van die sterkste pleitgronde ten gunste van die insluiting van sy vak in die leerplan van die middelbare skool.

In die praktyk word die behandeling van hierdie lofwaardige leergang egter deur die eksamenstelsel op so 'n wyse ondermyn, dat dit glad nie tot sy reg kom nie. Om die hele St. IX en X-leergang in twee jaar tyd vir eksamendoeleindes voor te berei, is nie moontlik nie en daarom word die temastudies tot so 'n mate vir eksamendoeleindes oorbodig gemaak dat baie min daarvan in die skole tereg kom. Volgens my beskeie mening, het dit tyd geword dat ons afsien van baie, ou tipiese eksamenvrae en dat ons die geskiedenis van die vorige eeu tot so 'n mate inkort dat daar meer

tyd en plek vir die geskiedenis van die twintigste eeu kan kom. Ek dink hier aan eksamenvrae soos die gevolge van die ontdekking en ontginning van diamante en goud op maatskaplike, ekonomiese en politieke terrein. Hierdie gevolge word nog steeds opgesom en uitgereken tot eksamenlengte in plaas dat dit behandel word soos dit in die geskiedenis voorkom. Daar is onderwysers wat graag oor die gevolge en vermeende gevolge tot in die oneindige kan voortspin en voortspekuleer, bloot om 'n A-simbool daarmee te verwerf.

'n Paar verdere kort voorbeelde sal die praktiese uitvoerbaarheid van hierdie voorstel duidelik illustreer. Volgens die leergang kan die Europese geskiedenis van die 19de eeu verdeel word in die tydperk voor 1870 met die groei van demokrasie en die opkoms van nasionale state; en in die tweede plek die internasionale verhoudinge gedurende die periode 1870-1914 wat uitloop op die Eerste Wêreldoorlog. Indien enkele handboeke tot maatstaf geneem word, vind ons dat die Transvaalse leergang hier driekeer soveel stof behandel as dié van Kaapland. Wat die Suid-Afrikaanse geskiedenis betref, ruim 'n Transvaalse handboek tweekeer soveel plek in vir die Geskiedenis van die Groot Trek tot by die Vrede van Vereeniging as dié van Kaapland. Die vraag kom baie sterk na vore of ons in Transvaal nie te lank by die 19de eeu stilgestaan het nie? Behandel ons dit nie net so intensief as toe die vorige leergang nog net tot 1910 gegaan het nie? Vra die probleme van die 20ste eeu nie ook 'n heraanpassing van die vaderlandse geskiedenis nie? Die tyd is ryp dat heelwat dooie hout uit die geskiedenis-leergang verwyder word en dat daar meer aandag aan die geskiedenis tot op die jongste tyd gegee word. Die gedeeltes wat nou deur temas in beide afdelings gedek word, moet inherente dele van die leergang word, sodat die studie van die geskiedenis die leerlinge werklik inlei in die landsprobleme van die huidige dag, sodat selfs oningewydes nie hoef te vra wat die waarde van geskiedenis as skoolvak is nie.

'n Tweede besonder nadelige uitwerking van die eksamenstelsel op die onderwys van geskiedenis is dat dit die onderwyser verplig om met soveel haas deur die leergang te kom dat daar nie vir die leerlinge die geleentheid is om self projekte en take uit te werk nie. Leerlinge in die senior klasse kan kostelike werk doen met behulp van gepubliseerde bronne in die skoolbiblioteek, maar vind daarvoor eenvoudig nie die nodige tyd nie. Die eksamenstelsel noodsaak die leerlinge om baie tyd aan hersiening te wy. Dit ly geen twyfel nie dat die groot hoeveelheid leerwerk wat vir die geskiedenis-eksamen vereis word, baie daartoe bydra dat leerlinge verkies om ander vakke in hul leerplanne in te sluit. Daarom vind ek dit besonder jammer dat die vereistes van die geskiedenis eksamen in St. X vir 1964 reeds verander is. Ek verwys hier na die jongste omsendbriewe waardeur die stel van verpligte kort vrae aangekondig is. Dat dit die eksaminering van die vak, bloot vanuit die oogpunt van die eksamen moontlik kan verbeter deur die onderwyser en leerlinge te verplig om die hele leergang te bestudeer en hulle te vergewis van die basiese feite, wil ek nie betwyfel

nie, maar intussen dwing dit die onderwyser om sy metodiek wat reeds te veel eksamengerig is, nog verder op die eksamen toe te spits.

Hierdie stap sal myns insiens, nie daartoe bydra om die onderwys van geskiedenis op die middelbare skool te bevorder nie. Dit sal tot groter eksamendrilwerk lei, die leerlinge dwing om al die basiese feite te memoriseer en die geskiedenis as keusevak nog meer ongewild maak. In Kaapland is die kort vrae in 'n ietwat ander verhouding ingevoer en 'n mens wonder in hoeverre dit medeverantwoordelik was vir die daling in die persentasie matrikulante wat in daardie provinsie geskiedenis as vak gekies het. Van 66.1% in 1953 het dit gedaal tot 53.9% in 1962. Dit mag nie so ernstig klink nie, aangesien slegs 20% van die punte van die A-vraestel en 40% van die punte van die B-vraestel aan kort antwoorde toegeken word. Die betrokke kort vragies dek egter die hele leergang van die A-kursus en die hele van afdeling A en van afdeling B van die B-kursus. Daarby is dit verpligte vrae. 'n Beginsel wat tot hiertoe nie in 'n geskiedenisvraestel toegelaat was nie, en nooit toegelaat moes gewees het nie. Onmiddellik beperk die verpligting die leerlinge se keuse tot 80% en 60% van die A-, B-kursus-vraestelle respektiewelik. Daarby lê dit te veel nadruk op die kennis van feite al is dit dan basiese feite. In St. X word tog verwag dat die geskiedenis meer verklarend, geneties onderwys moet word, en minder kennis van feite buite hul kousale verband word verwag. Moet die belangrikste argument ten gunste van verandering, ook in die eksaminering van 'n vak, nie wees of dit die onderwys van daardie vak sal bevorder nie? Indien die onderwys van geskiedenis in Transvaal bevorder moet word deur die metode van eksaminering, dan behoort die bestaande indeling van die leergang vir eksamendoeleindes eerder uitgebrei te word en wel so dat onderwysers en leerlinge minstens die sekerheid het dat oor elke onderafdeling minstens 'n vraag gevra sal word, ook oor die minder gewilde dele.

A. G. Coetzee